BURGER (Suid Kaap), Saterdag
03 Dec 2011, p.9

Hessequa en US sluit ooreenkoms

GEORGE. – 'n Memorandum van verstandhouding word Maandag deur me. Emor Nel, burgemeester van Hessequa, en prof. Russel Botman, rektor van die Universiteit Stellenbosch (US), onderteken om volhoubare ontwikkeling te bevorder.

Hessequa sluit dorpe soos Riversdal, Heidelberg en Stilbaai in.

Hessequa en die US werk reeds sedert 2007 op informele grondslag saam om sosio-ekonomiese en ekologiese probleme in die streek die hoof te bied.

Die twee instellings het reeds gesamentlik die eerste sonwaterverwarmer-projek vir laekostebehuising in Kwanokuthula buite Riversdal begin.

Die ooreenkoms sal volhoubare ontwikkeling op Riversdal, Stilbaai, Witsand, Heidelberg, Gouritsmond, Albertinia, Vermaaklikheid, Garcia en Slangrivier bevorder.

Hierdie stap sal daartoe bydra om inwoners van dié dorpe se lewensomstandighede te verbeter. **– Suid-Kaapse redaksie**